SKIETTOETS VIR TOEGEWYDE JAGTER

1. **Teiken**
   Die Rooibokteiken van die SAJWV sal gebruik word. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk)

2. **Universele reëls by skietoefeninge**
   Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items

3. **Skietbaan Veiligheidsreëls en Standaardbevele**
   Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

4. **Gewere en kalibers**
   Geen beperking op gewere en enige senterslag kaliber kan gebruik word.

5. **Visiere of teleskope**
   Geen beperking op visiere of teleskope nie.

6. **Oefening**
   6.1 Daar word geen tydsbeperking op die skiettoets geplaas nie. Die baanoffisiere het egter wel die reg om deelnemers aan te por indien hulle langer as 60 sekondes per skoot sou neem.

   6.2 Vanaf 100m word slegs 3 skote op die groter hart/long/rugwerwel area vanuit enige posisie geskiet. Die skut mag enige rus gebruik om die geweer te ondersteun, maar mag nie meer as drie skote skiet nie.

   6.3 Die doelwit is drie uit drie skote in die groter hart/long/rugwerwel area. Die resultaat word nie in punte aangedui nie, maar slegs "bevoeg" of "nog-nie-bevoeg" beoordeel.

   6.4 Hierdie skiettoets dien slegs ter ondersteuning van die aansoek om Toegewyde Jagter status. Geen skietbalkies word uitgereik nie.

Teiken werklike grootte: W x H = 750 x 1000m

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Hart:	96 x 102	76	--
V-hart:	57 dia	25	33 %
Sentrale hart/long:	173 x 177	272	350%
Groter long/rugwerwel:	235 x 226	512	670%

Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.